Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Deborah Williams**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Deborah.Williams@westerncape.gov.za | 021 467 2407

Lêerno.: 20/3/6/1/Timetable notifications to schools
Verwysing: 20250515-3002

Omsendbrief: 0017/2025
Vervaldatum: 27 November 2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Finale rooster vir November 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.*

**Onderwerp: Finale rooster vir November 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen**

1. November 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen sal op **Dinsdag, 21 Oktober 2025** begin en op **Donderdag, 27 November 2025** eindig.

2. 'n Afskrif van die **finale** rooster (**Bylae A**) vir November 2025 se NSS-eksamen is aangeheg.

3. Die rooster vir November 2025 se NSS-eksamen sal dieselfde formaat as in 2024 volg.

3.1 November 2025 se NSS-eksamen sal amptelik op **Dinsdag, 21 Oktboer 2025** begin met Rekenaartoepassingstegnologie se praktiese eksamen (Vraestel 1), en Inligtingstegnologie se praktiese eksamen (Vraestel 1) wat geskeduleer is om onderskeidelik op **Dinsdag, 21 Oktober 2025** en **Woensdag, 22 Oktober 2025** afgeneem word.

3.2 In week 1, sal Engels Huistaal (HT) Vraestel 3, Engels Eerste Addisionele Taal (EAT) Vraestel 3 en Engels Tweede Addisionele Taal (EAT) Vraestel 3 op **Donderdag, 23 Oktober 2025** geskryf word. Afrikaans Huistaal (HT) Vraestel 3, Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) Vraestel 3 en Afrlkaans Tweede Addisionele Taal (TAT) Vraestel 3 sal op **Vrydag, 24 Oktober 2025** geskryf word. Vraestel 3 (**Kreatiewe Skryfwerk**) vir Afrikatale, naamlik; isiZulu, isiXhosa, isiNdebele, Sesotho, Setswana, Sepedi, Siswati, Tshivenda, Xitsonga en Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal (HT) Vraestel 3 sal op **Maandag, 27 Oktober 2025 en Dinsdag, 28 Oktober 2025** geskryf word. **Kandidate moet herinner word dat Vraestel 3 voor Vraestel 1 en 2 geskryf sal word.**

4. Die eksamen sal op **Donderdag, 27 November 2025** eindig, maar kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (**12 Desember 2025**) beskikbaar wees ingeval dit om enige rede nodig sou wees om 'n spesifieke vak/vraestel te herskeduleer. Prinsipale moet 'n databasis met die kontakbesonderhede van al hul kandidate en hul naasbestaandes byhou as deel van die gebeurlikheidsplanne om kandidate maklik te kan bereik, indien nodig.

5. Gewone klasse moet tot **Dinsdag, 14 Oktober 2025** voortgaan om soveel onderrigtyd moontlik te verseker.

6. Prinsipale/sentrumbestuurders word versoek om gedurende die week van **13 tot 17 Oktober 2025** 'n verbintenisseremonie by hul skole te reël om dit vir kandidate moontlik te maak om hulle te verbind tot gedrag wat met die reëls van die eksamen ooreenstem. Die verbintenisooreenkoms moet deur alle kandidate onderteken word om bewustheid te skep vir die reëls van die eksamen en die gevolge indien kandidate hierdie reëls sou oortree.

7. Twee eksamensessies word vir elke eksamendag beplan. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die middagsessie om 14:00.

8. Prinsipale moet alle voltydse kandidate wat die eksamen gaan skryf, inlig dat hulle skooldrag moet dra tydens elke eksamen wat hulle aflê.

9. Kandidate wat om enige rede tydens November 2025 se NSS-eksamen nie 'n vakvraestel skryf nie, sal al die vakvraestelle vir daardie spesifieke vak in die daaropvolgende Mei/Junie-eksamen van die volgende jaar moet skryf.

10. Die nasionale minister sal die uitslae van November 2025 se NSS-eksamen op **Maandag, 12 Januarie 2026** bekendmaak, en die provinsiale onderwysdepartemente sal kandidate se uitslae op **Dinsdag, 13 Januarie 2026** bekendmaak.

11. Die algemene assesseringstaak vir Lewensoriëntering sal op **Maandag, 01 September 2025** geskryf word.

12. Die praktiese eksamen vir Uitvoerende Kunste is vir **Donderdag, 14 Augustus 2025 tot Vrydag, 24 Oktober 2025** geskeduleer. Die praktiese eksamen vir Visuele Kunste en Ontwerp is vir **Dinsdag, 14 Oktober 2025 tot Vrydag, 24 Oktober 2025** geskeduleer.

13. Let asseblief daarop dat die datum wat vir die proefeksamen vir graad 12 aanbeveel word, **Vrydag, 05 September 2025** is, soos gepubliseer in die skoolkalender van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD).

14. Daar word voorsien dat die nasien van November 2025 se NSS-eksamen op **29 November 2025** sal begin. Die WKOD wag vir finale bevestiging van die Departement van Basiese Onderwys.

15. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die NSS-eksamen in November 2025 af te lê.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-05-23